



## Resensies

- Maimela, S. & König, A. *ed.* 1998. **Initiation into theology: the rich variety of theology and hermeneutics.** Pretoria : Van Schaik.  
(*J.H. van Wyk*) ..... 123
- Peels, H.G.L. 1997. **De omkeer van God in het Oude Testament.** Apeldoorn : Theologische Universiteit Apeldoorn.  
(*H.F. van Rooy*) ..... 125
- König, Adrio. 1998. **Vernuwe of verdwyn. Hoe oop is die NG Kerk vir verskillende vorme van aanbidding?** Kaapstad : Lux Verbi.  
(*B.J. de Klerk*) ..... 126
- Annandale-Potgieter, Joan. 1998. **Qumran in en om die Bybel. 'n nuwe blik op die Dooieserolle.** Pretoria : Van Schaik.  
(*H.F. van Rooy*) ..... 128





## Resensies / Reviews

**MAIMELA, S. & KÖNIG, A. ed. 1998.** Initiation into theology: the rich variety of theology and hermeneutics.

Pretoria : Van Schaik. 493 p. Prys: Onbekend. ISBN 0 627 02146 8.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*

(Skool vir Kerkwetenskappe, PUCHO)

Hierdie omvattende werk bestaan uit twee dele wat oor verskillende soorte teologieë handel (hfstt. 1-15), asook verskillende soorte hermeneutiek (hfstt. 16-28).

In deel 1 kom die volgende aan die orde: Bybelse teologie (A. König); teologie gedurende die eerste 19 eeue (B. Gaybba); teologie in die twintigste eeu (D. Veldsman); evangeliese teologie (A. König); swart teologie (S. Maimela); feministiese en vrouistiese teologie (M-H. Keane); Afrikavroue-teologie (C. Landman); Afrika-teologie (J.S. Mbiti); Afrika inheemse kerk-teologie (S. Hayes); pentekostiese teologie (F. Möller); charismatiese teologie (J. Theron); ekologiese teologie (M.E. Brinkman); postmoderne teologie (M.D. Herholdt); die teologiese uitdaging van ander godsdienstige tradisies (J.N.J. Kritzinger).

Deel 2 handel oor hermeneutiek en bring die volgende ter sprake: Bybelse hermeneutiek (W.J. Wessels); Bybelse hermeneutiek gedurende die eerste 19 eeue asook in die 20ste eeu (albei deur D.J. Smit); evangeliese hermeneutiek (W. Klein); swart hermeneutiek (T.G. Kiogora); feministiese en vrouistiese hermeneutiek (D.M. Ackermann); Afrika-vroue hermeneutiek (M.A. Oduyoye); Afrika-hermeneutiek (C. du Toit); Afrika inheemse kerk-hermeneutiek (A.H. Anderson); pentakostalistiese en charismatiese hermeneutiek (M.D. Herholdt); ekologiese hermeneutiek (L. van den Brom); postmoderne hermeneutiek (M.D. Herholdt); die hermeneutiese uitdaging van ander godsdienstige tradisies (F. Esack).

Dit is duidelik dat die skrywers sorgvuldig geselekteer is en dat die meeste groot moeite gedoen het met die skryf van 'n hoofstuk. Die bundel bied dan ook 'n breë oriëntering oor die veld van teologie en hermeneutiek en sal as sodanig 'n belangrike naslaanwerk wees. Dit is uiteraard onmoontlik om in 'n resensie reg

te laat geskied aan al 28 hoofstukke. Persoonlik het ek die volgende hoofstukke besonder instruktief en deeglik gevind: Veldsman oor die teologie in die 20ste eeu (hfst. 4); Theron oor die charismatiese teologie (hfst. 12); die drie hoofstukke van Herholdt oor die postmoderne teologie (hfst. 14), oor die pentekostalistiese en charismatiese hermeneutiek (hfst. 25) en oor postmoderne hermeneutiek (hfst. 27); Smit oor hermeneutiek in die 20ste eeu (hfst. 18); Van den Brom oor ekologiese hermeneutiek (hfst. 26) en hfst. 28 van die Moslemskrywer Esack.

Afgesien van kleiner kritiekpunte, het die breë opset twee nadele meegebring. Allereers kom daar te veel duplisering voor, wat eintlik met die struktuur meegegee is. Wie die hermeneutiek van 'n bepaalde soort teologie wil behandel, moet eers weer 'n kort weergawe van die inhoud van daardie teologie gee, wat onvermydelik herhaling tot gevolg gehad het. Verder is daar vir my aanvoeling te min of soms glad geen evaluering van standpunte nie (vgl. hfst. 15). Albei nadele moet egter nie negatief beoordeel word nie, want die bedoeling van die boek is klaarblyklik breë oriëntering en informering.

Wat detail-aspekte betref, word slegs na die volgende verwys: om slegs een sin aan Schleiermacher as teoloog te wy (44), is seker, gesien sy teologiese invloed, te skraal. Dan het Berkouwer nie vir Bavinck opgevolg nie (66) maar vir Hepp. Möller beklemtoon tereg die persoonlike relasie van die gelowige met God in Christus, maar hy stel dit dan teenoor 'n teologie van die koninkryk waar "God may be reduced to the main actor in the service of the kingdom ..." (186). Hierdie verstaan van die "teologie van die koninkryk" kom neer op 'n grondige misverstaan daarvan, asof die persoonlike verhouding hier onbelangrik sou wees. Waarom moet 'n relasie uitgespeel word teen 'n saak? Gaan dit nie juis in die koninkryk ook om 'n relasie nie? En waarom was die tema van die koninkryk die hooftema in die prediking van Jesus Christus self?

Telkemale word in uiters negatiewe terme verwys na die boodskap van Europese sendelinge aan Afrika (174, 362, 367) en dat Afrika nie die dualistiese godsdiens van die Weste ken nie (406). Om die totale som van Westerse teologie egter as dualisties af te maak, is 'n groot veralgemening. Om een voorbeeld te noem: die teologie van Calvin en die Calvinistiese tradisie kan kwalik as dualisties getipeer word.

Saamgevat: hier het ons 'n handige naslaanwerk wat vinnig en breed oriënteer en deeglik informeer oor teologie en hermeneutiek. As sodanig kan dit sterk aanbeveel word.

**PEELS, H.G.L. 1997. De omkeer van God in het Oude Testament.**  
 Apeldoorn : Theologische Universiteit Apeldoorn. (Apeldoornse studies 34.) 54 p.  
 Prys: Onbekend. ISBN 00-75847-02-5.

**Resensent:** *H.F. van Rooy*

(Skool vir Bybeltale en Bybelwetenskappe, PU vir CHO)

Hierdie boekie is 'n verwerking van 'n rede van die Apeldoornse Ou-Testamentikus, Eric Peels, met die oordrag van die rektorat by die Theologiese Universiteit van die Christelike Gereformeerde Kerken in Apeldoorn in 1995. Dit is 'n werk wat 'n besondere aktuele vraagstuk van die huidige tydsgewrig betrek. Die omkeer (of terugkeer) van God hou ten nouste verband met die beleving van God as die afwesige, die een wat Hom van sy kind of sy volk onttrek het. Hierdie beleving is 'n werklikheid in die tyd waarin ons leef – 'n tyd waarin baie mense worstel met vraagstukke soos lyding en onreg. Waar is God te midde van hierdie probleme? In hierdie werk gee Peels aandag aan gewens uit die Ou Testament wat lig werp op die terugkeer van God.

In die boek word aandag gegee aan wat die terugkeer van God behels en aan wat die beweegredes daarvoor is. Peels onderskei uiterlike en innerlike beweegredes. Uiterlike beweegredes is dit wat die mens kan doen, soos gebed en bekering. Hy wys egter daarop dat dit wat die mens kan doen, nie die eintlike oorsaak van God se terugkeer is nie, maar dat dit afhang van wat God doen, van sy innerlike beweegredes. Hy onderskei vier innerlike beweegredes vir God se omkeer, naamlik sy bewoënhed oor die mens se lyde, sy trou aan sy verbond, die handhawing van sy eer en sy liefde vir sy volk. Hy toon egter ook aan dat God se genade nie teenoor sy oordeel gestel mag word nie. Ten slotte gee hy aandag aan die vraag watter lig hierdie saak kan werp op die vraag na die sentrum van die Ou Testament. Hy wys in die besonder op die plek wat God inneem as sentrum van die openbaring in die Ou Testament.

Hierdie werk getuig van deeglike akademiese werk, maar ook van 'n pastorale bewoënhed. Laasgenoemde is besonder belangrik in die moderne tyd, waarin mense met baie vraagstukke worstel, en ook worstel met die afwesigheid van God. Die boek munt uit in deeglike eksegetiese arbeid en bied veel stof vir 'n predikant wat hieroor wil preek of vir 'n Bybelstudiegroep wat 'n tema soos hierdie wil bespreek. Dit kan van harte aanbeveel word.

**KÖNIG, Adrio. 1998. Vernuwe of verdwyn. Hoe oop is die NG Kerk vir verskillende vorme van aanbidding?**

Kaapstad : Lux Verbi. 116 p. Prys: R49,00. ISBN 0-86997-789X.

**Resensent:** *B.J. de Klerk*

(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

Adrio König worstel eerlik en reguit met 'n ernstige probleem, naamlik dat dit "nie goed gaan met die historiese kerke nie". Die kerke se lidmaatgetalle krimp, die finansies wurg en die aanpassing in die nuwe omstandighede van die land is pynlik en wek soms ernstige weerstand. Hy is oortuig dat daar vernuwing en verskuiwing in die kerke moet kom, anders sal die kerke doodbloeï. Die boek is 'n pleidooi vir groter openheid en verdraagsaamheid teenoor verskillende vorme van aanbidding en geloofsbelewenis. Die historiese kerke moet ruimte maak vir dinge wat anders is as waaraan lidmate jare gewoond was.

In die eerste drie hoofstukke gee die skrywer opeenvolgend prinsipiële vertrekpunte vir vernuwing, ruimte vir mekaar en spiritualiteit. Hy toon in sy eerste hoofstuk oor "vernuwing" aan dat "nuut" en "vernuwing" begrippe in die hart van die evangelie is. Dit blyk veral uit die werk van die Heilige Gees. Die Gees is deel van die nuwe tyd, die volle heil, en al wat oorbly is dat die wêreld daaraan moet deel kry en dit moet geniet (p. 15). In die tweede hoofstuk is die uitgangspunt die eenheid en verskeidenheid van die kerk van die Here. In die eenheid is daar 'n ryke verskeidenheid soos die verskeidenheid van gawes, geslag, kulture, beskawingspeil en funksies in die gemeente. Daarom moet daar ruimte vir hierdie verskeidenhede kom, asook vir nuwes soos kleingroepe en hartliker en spontaner deelname van gelowiges aan eredienste. In die hoofstuk oor spiritualiteit maak König pragtige perspektiewe oop oor "Christus vir ons" en "Christus in ons". Hy toon ook aan hoe die oor- of onderbekteltoning van byvoorbeeld die koninkryk van God en die verbond gereformeerde spiritualiteit beïnvloed. Sy konklusie uit die prinsipiële hoofstukke is dat verskeidenhede nie verdeeldheid nie maar verryking moet meebring.

Die volgende vier hoofstukke spits toe op die praktyk van gemeente-wees, binne die erediens, ten opsigte van persoonlike spiritualiteit en sendingspiritualiteit. Hy ontleed die gebreke in die huidige gemeentelike lewe indringend en bied veral kleingroepbediening as oplossing. "Die stelsel van klein groepe moet eerder as 'n behoefte en 'n antwoord op 'n nuwe situasie gesien word en aanvullend wees tot die wykstelsel ..." (p. 64). Of dit die enigste antwoord is op die probleme wat König voortreflik uitgewys het, is te betwyfel. Die belang van dienswerk en diensgroepe, los van die kleingroep, is maar een aspek wat vernuwend in ons besondere tyd op die kerklike praktyk moet inwerk. Sy mees omvattende hoofstuk gaan oor erediensspiritualiteit, die hartklop van die gemeentelike. Die huidige vernuwingsoogings in die NG liturgie is vir hom 'n aangepaste evangeliese tradisie, met beperkte Pinkster-charismatiese invloed

(p. 82). Hoewel daar weerstand is teen hierdie rigting, pleit die skrywer dat ons nie mekaar moet etiketteer en twis oor wie reg is en wie verkeerd nie. As opsomming van sy standpunt oor erediensspiritualiteit stel hy dat dit goed is om te eksperimenteer, maar dat kerkrade daarvoor moet toesig hou. Die sin van kerkverband in hierdie opsig en die gemeenskaplike ooreenkoms waartoe kerke hulle vrywillig verbind, word egter nie hier verreken nie. Daar is immers in elke samekoms liturgiese beginsels wat moet bly en dan moet elke gemeente hom voor God bly verantwoord oor die vryheid in Christus in sy liturgie. Eksperimentering bring willekeur. Die vraag is of ware vernuwing nie eerder op die vlak van die gemeente se samekoms *Coram Deo* is nie. Wanneer 'n gemeente in elke handeling die toets aan homself stel of hy in die handeling God se teenwoordigheid aan mekaar uitwys en dit vier, is vernuwing tegelyk verdieping in die liturgie.

In die hoofstuk oor persoonlike spiritualiteit stel die skrywer die gereformeerde en evangeliese tradisies teenoor mekaar. Hy toon tereg die gebrek aan *commitment* aan. Daarom moet gelyke nadruk kom oor die voorsienigheids-geloof (tipies van die gereformeerde tradisie) en die verlossingsgeloof (eie aan die evangeliese tradisie). In sy laaste hoofstuk wys König op die oorgaan die nuwe eeu in, maar dan veral met die besef dat die sending die eintlike rede is waarom daar 'n kerk op aarde is (p. 102). Sending moet veral in die eie omgewing gedoen word en toegespits word op die nood, ook en veral op die materiële nood, van die samelewing.

König se diagnose in die boek is deurgaans prikkelend en getuig van liefde vir sy kerk. Sy oplossings is goed bedoel, maar soms te simplisties. Tog spoor hierdie boek predikante, kerkleiers en lidmate aan om ernstig voor God te besin oor die reformasie van die kerk en die unieke eise van ons tyd. Die noodsaak om in ootmoed te erken dat een persoon of 'n enkele groep nie al die antwoorde het nie, en dat ons daarom oor nie-beginselsake ruimte vir mekaar moet maak, is voortrefflik aangedui. Die boek lees lekker en is tegnies goed versorg.

**ANNANDALE-POTGIETER, Joan. 1998. Qumran in en om die Bybel. 'n Nuwe blik op die Dooieserolle.**

Pretoria : Van Schaik Godsdiensboeke. 110 p. Prys: R59,95.

ISBN 0627023517.

**Resensent:** *H.F. van Rooy*

(Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale, PU vir CHO)

Die ontdekking van geskrifte in grotte naby Qumran van 1947 en verder was een van die belangrikste gebeure in die Bybelwetenskappe in hierdie eeu. Die

Dooieseerolle het belangrike nuwe lig gewerp op die geskiedenis van die teks van die Ou Testament, op die geskiedenis van die tydperk tussen die Ou en die Nuwe Testament en op die Joodse gemeenskap van die tyd van die Nuwe Testament. Hierdie werk van Joan Annandale-Potgieter oor Qumran is baie welkom omdat dit op 'n duidelike wyse die belang van Qumran onderstreep en omdat dit belangrike gegewens op 'n helder wyse aan die wye publiek bekend stel.

Die boek bestaan uit vier hoofstukke, met drie bylaes. In die inleiding word belangrike agtergrondgegewens gegee oor die ligging van Qumran, argeologiese gegewens en inligting oor die soort geskrifte wat by Qumran gevind is. Die tweede hoofstuk bevat baie nuttige inligting oor die historiese agtergrond van Qumran en die tydperk tussen die Twee Testamente, veral vanaf die tyd van Aleksander die Grote. Dit is 'n tyd wat vir die meeste Bybellesers onbekend is, maar wat tog van wesenlike belang is vir die verstaan van die Nuwe Testament. Die derde hoofstuk handel oor die mense van Qumran, hulle maatskaplike opset en hulle godsdienstige uitkyk en praktyke. Die vierde hoofstuk behandel hulle interpretasie van die Ou Testament, met die kommentaar op Habakuk as voorbeeld. Hierdie hoofstuk eindig stomp – 'n feit wat veroorsaak dat die boek as geheel ook 'n samevattende slot kortkom. In die bylaes word 'n lys gegee van die geskrifte wat by Qumran gevind is, asook 'n oorsig oor teorieë oor die ontstaan van die Qumrangemeenskap. Die derde bylae handel oor die Tobiasfamilie, een van die mees invloedryke groepe uit die laaste twee eeue voor Christus.

Die werk getuig van deeglike navorsing, maar bied nie werklik 'n nuwe blik op die gegewens nie. Dit gaan dus mank aan 'n grondige evaluering van en keuse tussen teenstaande standpunte. Dit is wel 'n handige samevatting van belangrike inligting in eenvoudige Afrikaans. Die werk lees maklik en is toeganklik vir gewone lesers van die Bybel. Tegnies is die werk ook goed versorg, alhoewel 'n aantal tikfoute wel voorkom. In die bibliografie word twee lyste aangetref, een van boeke en een van artikels wat geraadpleeg is. Dit maak dit effens lastig om werke waarna verwys word op te spoor, omdat die werke oor die twee lyste versprei lê. By sommige van die tydskriftartikels waarna verwys word, word die tydskrif self met afkortings aangedui, soos BA, maar nêrens word 'n lys van die afkortings gegee nie. Dit maak die bibliografie soms ontoeganklik vir nie-vak-spesialiste.

Wat waardeer moet word, is die voortdurende koppeling van inligting met primêre bronne. Die baie verwysings na die Qumrangeskrifte self, die Makka-beërboeke en die werke van Flavius Josefus verhoog die waarde van die werk baie. Dit sal diegene wat nie die oorspronklike tale ken nie, aanspoor om ook die oorspronklike bronne in bestaande vertalings te lees.



Die werk kan hartlik aanbeveel word vir predikante, studente in Bybelkunde of Teologie en enige persoon wat graag meer wil weet van die tydperk tussen die twee Testamente.